

## Sing vooraf staande: Skrifberyming 1-1:7 (24:7)

- 7 Ons sal, in lewe en in sterwe, / Gods eiendom vir altyd wees;  
ons sal wat Hy beloop het, erwe, / verseël deur die Heil'ge Gees.  
Hy is die waarborg ons gegewe, / die eerst'ling van die volle som;  
ons sal die reddingsdag belewe – / die gloriëdag van God, wat kom.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 9:1, 10 (p. 36)

- 1 Ek sal van ganser harte, HEER, / u wonders groot maak en U eer.  
Ek sing omdat ek in U bly is, / aan wie my lofsang toegewy is;
- 10 Dan vind my tong weer nuwe stof, / in Sions poort meld ek u lof.  
Dan sing ek bly van u genade, / so groot in nuwe reddingsdade.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 91:8 (p. 462)

- 8 “Hy roep, en Ek beskerm hom daar, / totdat die nood verby is;  
Ek lei hom na die hoogtes waar / 'n eerkrans hom berei is.  
Die menseleefyd, vlug en kort, / verleng Ek uit genade,  
sodat hy blye aanskouer word / van al my reddingsdade.”

Skriflesing: 2 Tessalonisense 2

Teks: 2 Tessalonisense 2:10; Kategismus Sondag 7  
**... en met allerhande verleiding van ongeregtheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie.** (2 Tessalonisense 2:10 AFR1953)

Kan u dink hoe die gemeente in Tessalonika destyds gevoel het toe die preek vir hulle voorgelees is?

- Dis baie erge woorde om te hoor van die preekstoel af!
- Daar is gemeentedele wat verlore gaan **omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie.**

Verlossing is gekoppel aan die geloof in die Here Jesus Christus.

- As jy werklik glo in die Here Jesus Christus as jou Verlosser en Saligmaker, verlos Hy jou inderdaad tot die ewige lewe.
- Daarmee saam ons innerlike bekering en verandering.
  - Die een verandering is dat ons onself sien soos wat God ons sien.
  - Ons verstaan ons swakheid, en ons ken eerlik ons sondes.
- Juis daarom het ons hierdie dringende begeerte om deur Jesus Christus verlos te word en geheilig te word tot God se kinders.

Kom ons ondersoek hierdie saak saam. Ons gee aandag aan twee sake:

1. **Wie deel almal in hierdie verlossing?**
2. **Wat is geloof?**

### 1. **Wie deel almal aan hierdie verlossing?**

Kom ons kyk as eerste punt van hierdie preek na die verlostes. Die eerste ding wat met iemand gebeur wat tot bekering kom, is dat die Heilige Gees in sy hart en verstand kom werk.

Hoe belangrik is dit dat hierdie bekering moet gebeur?

Luister hoe waarsku die Here ons teen die aanslag wat in ons tyd op ons gaan afkom:

**Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is.**

(2 Tessalonisense 2:3, 4 AFR1953)

Die duiwel kom met die Bybel en met dinge wat vir ons lyk of dit is wat die Here wil hê, maar dan – met dwaalleer – vervreem hy ons inderdaad van die Here!

Daarteenoor kom God die Heilige Gees en Hy kom verseker ons dat ons deel het in die verlossingswerk van die Here Jesus Christus.

- Hy doen dit met die evangelie soos dit in die Woord van God geopenbaar word.
- Hy verseker ons dat die Here Jesus ons nie in die bondel red nie – die Here het vir my persoonlik gesterf.
  - Hy ken my op my eie naam.
  - Hy gaan my eendag persoonlik verhoor,
  - maar ook persoonlik vryspreek.

*Uit die Here Jesus se preke is een ding baie duidelik: Alle mense gaan nie hemel toe nie.*

- Hy sê byvoorbeeld in Matteus 4:14 dat die poort nou is en die pad smal wat na die lewe lei, en dat daar min is wat dit vind.
- In Matteus 22:14, nadat Hy die gelykenis van die bruilof vertel het, sê Jesus dít: Want baie is geroep, maar min is uitverkies!

Uit hierdie twee gedeeltes kry ons al 'n redelike beeld van wie diegene is wat verlos word.

- Dis sondaars. Moedelose verkeerdoeners, wat almal in sonde ontvang en gebore is.
- Met ander woorde: Dis ons wat vasgevang sit in die mag van die sonde en wat kort-kort met ons verkeerde dinge buig voor die duiwel.

Anders gestel:

- Die mense wat uiteindelik in die hemel gaan wees, is almal mense wat die dood verdien omdat hulle sulke bose dinge doen.
- Dis mense wat ondanks hulle sondes en hulle onwaardigheid tog deel kry aan die volmaakte verlossing wat die Here Jesus Christus voorsien.

Hier pas die uitverkiesing ook in. Die uitverkiesing is in sekere opsigte baie prakties.

- Die uitverkorenes is mense wat met hulle geloof en hulle lewenstryd erns maak.
- Die wat nie uitverkore is nie, is in elk geval nie ten diepste bekommerd oor hierdie saak nie.
- Daarom behoort jy self te weet of jy werklik belangstel in die saligheid.

Die Here Jesus Christus het net gaan sterf vir hierdie mense wat waarlik wil glo en wat Hom opreg aanbid.

- As Hy vir alle mense sterf, moes alle mense mos in die hemel wees, en ons weet dat dit nie so is nie.
- Die Bybel is duidelik daarvoor dat die meeste mense in die hel gaan wees.

Die Here Jesus bid ook nie vir almal nie.

- Een keer sê Hy dat Hy nie vir *hierdie wêreld* bid nie.
- *Hierdie wêreld* is die mense wat hulle nie wil bekeer nie.
- Die vir wie Hy bid en sterf is die wat waarlik tot bekering kom en glo wanneer hulle geroep word.

Ons deelname aan die ewige lewe begin reeds in die tyd voordat die Here die hemel en die aarde geskape het.

Daar staan in Efesiërs 1:4 dat die Here ons in daardie tyd al in Christus geheilig het en vlekkeloos voor Hom gestel het.

- Ons sondes is dus in beginsel al voor die skepping in Christus vergewe.
- Dis waarom daardie mense in hierdie lewe tot bekering kom en glo wanneer hulle die evangelie hoor.

## **2. Wat is geloof?**

Wat is geloof dan, en waar pas geloof by hierdie verlossing?

- Eerste moet ons sê dat daar twee hoofonderskeidings is: daar is 'n ware geloof, en dan 'n valse geloof, wat in 'n verskeidenheid van gelowe uiteenval.
- Dink hier maar aan die Here se gelykenis van die Saaier en waar die saad orals geval het, en hoe hulle presteer het.

In die ware geloof is daar 'n kombinasie van gevoel en verstand. Die belydenis noem dit 'n gewisse kennis en 'n vaste vertrouwe.

- Die ware geloof laat jou in 'n lewende verhouding met God staan.
- In hierdie verhouding is dit baie nodig dat jy moet weet wie God is, en wat Hy van jou verwag.
- Daaruit voortspruitend seën of straf die Here 'n mens. Ware geloof beheers dus jou hele lewe.

Die ware geloof maak by jou die begeerte wakker om met God gemeenskap te hê en aan Hom te behoort.

- Dit laat jou jou tekortkominge besef, en daarom maak dit jou dankbaar vir die seëninge wat God aan jou gee, terwyl dit jou ook na God toe laat vlug om te smek vir vergifnis.
- Die ware geloof is om bo alle twyfel te weet dat God my liefhet en my inderdaad my sondes vergewe.
- Dus: om 'n vaste vertrouwe in God die Almagtige te hê.

Die ware geloof het nog 'n been. Dis die kennis-deel.

- Dis om Bybelkennis te hê.
- Dis om met jou verstand met God se openbaring om te gaan, en te begryp wat die Here aan jou openbaar.

Dan word ons geloof gedryf deur die Heilige Gees.

- Die Heilige Gees beheers ook ons verstand sodat ons kan verstaan wat ons lees en hoor.
- Dis nie so dat alle mense God se openbaring kan verstaan nie: Die Here leer self dat party mense kyk sonder om te sien, en hoor sonder om te verstaan, omdat Hy dit nie vir hulle gee om te kan sien en verstaan nie.
- Die Heilige Gees maak dus jou verstand so helder dat jy die hand van die Here in jou lewe kan sien – dat jy die raadsplan van die Here ken, maar dat jy dit ook beleef.

Daarby moet ons ook die verwagtinge wat die Heilige Gees in ons bewerk in gedagte bring.

- Die Heilige Gees laat ons verwag en verlang na die lewe wat in die hiernamaals begin.
- Hy leer ons dat die hiernamaals nie los staan van hierdie lewe nie – hierdie lewe gaan oor in die ewige lewe. Daarom moet alles wat ek nou doen en glo, gerig wees op daardie lewe.

Die konsekwensies daarvan is dat ons nou al, in hierdie lewe, ons geloof moet oefen.

- Paulus leer mos dat ons ons in die Godsaligheid moet oefen soos wat 'n atleet hom in sy fiksheid oefen.
- Jou geloof moet dus ook fiks wees en die prestasies lewer wat by die ware geloof pas.

Daar is vir geen mens wat die Bybel reg lees enige rede tot twyfel in sy geloof nie.

- God het ons vir eeue lank verlossing beloof. Hy het toe gekom.
- Voor ons oë is Hy die dood in, en het Hy ook weer daaruit opgestaan. Hy laat selfs die engelewêreld by daardie geleentheid na ons toe deurbreek.
- Ons sien die geesteswêreld en ons hoor hoe hulle getuig: Jesus is nie meer in die graf nie. Hy het opgestaan.

By die hemelvaart sê die engel: Die Here sal net so weer kom. Kom ons loop die pad van Handeling 16:31: **Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huis.**

Kom ons blaai saam na die Heidelbergse Kategismus Sondag 7 en kyk wat ons belydenis in hierdie verband leer:

**Vraag 20: Word al die mense dan weer deur Christus salig soos hulle deur Adam verlore gegaan het?**

**Antwoord:** Nee; (a); maar slegs die wat deur 'n ware geloof in Hom ingelyf word en al sy weldade aanneem (b).

(a) Matt 7:14; 22:14. (b) Mark 16:16; Joh 1:12; 3:16, 18, 36; Jes 53:11; Ps 2:12; Rom 11:20; 3:22; Heb 4:3; 5:9; 10:39; 11:6.

**Vraag 21: Wat is 'n ware geloof?**

**Antwoord:** 'n Ware geloof is nie alleen 'n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het (a) vir waar aanvaar nie, maar ook 'n vaste vertrouwe (b) wat die Heilige Gees (c) deur die evangelie in my hart werk (d), naamlik

*dat God nie net aan ander nie, maar ook aan my uit loutere genade, slegs op grond van die verdienste van Christus (e), vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid (f) geskenk het.*

*(a) Jak 2:19. (b) Heb 11:1, 7; Rom 4:18, 21; 10:10; Ef 3:12; Heb 4:16; Jak 1:6. (c) Gal 5:22; Matt 16:17; 2 Kor 4:13; Joh 6:29; Ef 2:8; Fil 1:19; Hand 16:14. (d) Rom 1:16; 10:17; 1 Kor 1:21; Hand 10:44; 16:14. (e) Ef 2:8; Rom 3:24; 5:19; Luk 1:77, 78. (f) Rom 1:17; Gal 3:11; Heb 10:10, 38; Gal 2:16.*

### **Vraag 22: Wat moet 'n Christen glo?**

**Antwoord:** *Alles wat in die evangelie aan ons beloof word (a) en wat die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof ons in hoofsaak leer.*

*(a) Joh 20:31; Matt 28:19; Mark 1:15.*

### **Vraag 23: Hoe lui die artikels?**

**Antwoord:** *(1) Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde. (2) En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; (3) wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria; (4) wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en neergedaal het na die hel; (5) wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dood; (6) opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, (7) waarvandaan Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel. (8) Ek glo in die Heilige Gees. (9) Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges; (10) die vergewing van sondes; (11) die opstanding van die liggaam (12) en 'n ewige lewe.*

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 81:1, 4, 12 (p. 411)

- 1 Laat ons nou die HEER / wat sy volk verbly het / deur sy sterkte, eer!  
Hom, die grote God, / wat weer feesgenot / vir sy volk berei het.
- 4 Want dis die bevel / wat alom weerklink het / onder Israel;  
dis die groot gebod / van 'n troue God / wat aan ons gedink het;
- 12 Open julle mond, / eis van My vrymoedig / op my trouverbond:  
al wat jul ontbreek, / skenk Ek as jul smeek / mild'lik en oorvloedig.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 3 April 2011  
Gereformeerde Kerk Clanwilliam. Datum: 25 Mei 2014.